SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: INSIG
Date: 31-Oct-2005
Topic: 06
Ref No: 4583
1
ID: 03274319-01 Source Page: 10

Sweepslag Deur Jonathan Jansen



# 'N KABAAL OOR SKOOLTAAL

## Hoekom 'n mens nie sommer Afrikaanse ouers moet vertrou as hulle op moedertaalonderrig aandring nie.

Om teen moedertaalonderwys te stry, is soos om teen moedersmelk vir babas te waarsku. Ja, moedersmelk is voedsaam – maar dit kan ook die draer van 'n dodelike virus wees, soos baie mense alte maklik vergeet as hulle wil bewys dat dié vloeibare proteïen oor geslagte heen gesonde kinders die wêreld ingestuur het.

Dieselfde geld moedertaalonderrig. Dit klink so ooglopend waardevol en noodsaaklik vir leervermoë en akademiese prestasie. Maar skuil daar dalk iets gevaarliks in dié opvatting?

Ek dink ons stem almal saam dat moedertaalonderrig baie belangrik is om seker te maak dat kinders in die vroeë skooljare op hulle doeltreffendste kan leer. Daar is ook betekenisvolle navorsing wat 'n sterk verband wys tussen moedertaalonderrig en prestasie in wetenskap en hulle nie in hulle huistaal nie.

Dis nogal eienaardig dat dit net 'n spesifieke groep Suid-Afrikaners is wat op moedertaalonderrig aandring. Hulle is meestal wit, Afrikaanssprekende ouers wat sterk voel dat hulle kinders die reg het om in hulle moedertaal skool te gaan. Ek weet van geen enkele swart ouer wat dieselfde voel nie; om die waarheid te sê dring die meeste swart ouers om 'n belangrike en praktiese rede eerder op Engels aan: Dit is die medium wat hulle kinders voorberei op deelname aan 'n globale ekonomie en waardeur hulle beroepsgeleenthede in Suid-Afrika ingrypend toeneem.

Waarom is wit Afrikaanse ouers dus die grootste voorstanders van moedertaalonderrig?

Daar is natuurlik party van hulle (die minderheid) wat inderdaad 'n potensiële nadeel in Engelse onderwys raaksien. Hulle kinders bitterheid teen Engels – of om dit kaalkop te stel, teen "die Engelse" – wat hulle vurige reaksie teen Engels motiveer. Soos 'n studenteplakkaat by 'n protesoptog oor Afrikaans by die Universiteit van Pretoria dit gestel het: *Slegs Engels is erger as Slegs Blankes.* Dié soort kru wit nasionalisme is openlik rassisties.

Daar is ook 'n ander rede waarom baie Afrikaanssprekers so sterk oor moedertaalonderrig voel – en dis 'n diepe begeerte om hulle skole wit te hou. As 'n mens op Afrikaansmediumskole aandring, is jou kans groter om seker te maak die skool bly wit. Dit klink asof dié ouers en beheerliggame billik is, want hulle haal die Grondwet en die Skolewet aan om hulle posisie te verdedig. Tog is die onvoorsiene gevolg van die

> Ek weet van geen enkele swart ouer wat moedertaalonderwys eis nie.

wiskunde in die hoër grade. Dít staan alles soos 'n paal bo water.

Maar daar's ook baie ander redes vir onderprestasie in wetenskap en wiskunde in ons skole: onderwysers met gebrekkige kennis, die manier waarop skole klastyd benut en 'n gebrek aan spesialistoerusting en teksboeke. As enigeen van dié faktore verbeter sou word, sal studente klaar beter vaar – al leer is deurdrenk van 'n eksklusief Afrikaanse omgewing – van huis tot kerk tot maats tot sport – en sal beslis sukkel om in hulle vroeë leerjare na Engels oor te skakel.

Maar dit sou 'n ernstige fout wees om aan te neem dat die aandrang op Afrikaanse moedertaalonderrig net 'n kwessie van taal, opvoeding en prestasie is. By baie mense is daar nog altyd 'n diep, onderliggende bestaande skolewetgewing dat dit rasse-eksklusiwiteit onder die banier van taalregte bevorder. Dis net 'n kwessie van tyd voordat van hierdie wette verander sal word om die rasseskuiwergat in 'n andersins progressiewe wet toe te stop.

Natuurlik is daar Afrikaanse skole wat die dubbel- en parallelmediumpad gekies het ten einde swart skoliere tot

hulle sterk akademiese kultuur toe te laat. Maar sodra hulle so iets waag, haal die middelklas- en selfs armer Afrikaners hulle kinders uit die skool en vat hulle na wat ek die "kontrapuntskole" noem – die leliewit skole op die bult. Die skoolhoofde kla bitterlik: "Selfs al kan ons bewys dat ons slaagsyfer dieselfde gebly het – of selfs verbeter het – haal die wit ouers steeds hulle kinders uit ons skool."

In die lig van ons rasverdeelde verlede is die enigste manier waarop ons 'n sterk demokrasie kan bou wat op respek vir alle Suid-Afrikaners gegrond is, om moedertaalonderrig toe te pas in die breër konteks van lewendige veeltaligheid by skole. Laat ons dus kinders uit verskillende taalagtergronde onder dieselfde skooldak byeenbring terwyl ons terselfdertyd vroeë moedertaalonderrig bevorder. Die debat oor Engels versus Afrikaans is uit die oude doos.

Wat ek graag sou wou sien, is dat kinders uit matriek kom met die vermoë om hulleself vlot uit te druk in minstens drie tale: Engels, Afrikaans en 'n ander inheemse taal – 'n prestasie wat haalbaar sal wees as dit die stewige grondslag het van moedertaalonderrig in die vroeë leerjare. ■

*Dié artikel is 'n voorsmaak van die bydrae van prof. Jansen, dekaan van die Universiteit van Pretoria se fakulteit opvoedkunde, tot die debat oor moedertaalonderwys in die Sol Plaatje-diskoersreeks op Aardklop.* *Meer inligting op bl. 7.*